

Potch-trio tree op by Rektorskonsert

Die Noordwes-Universiteit se musiekskool in Potchefstroom sluit môreand sy jaarlikse konsertreeks af met die gebruiklike Rektorskonsert waarin een van sy spogprodukte, die Potch-trio, optree.

Twee stigterslede van die trio, die violis Piet Koornhof en die tjellis Human Coetzee, wat albei jare lank musiekdosente aan die musiekskool is, word nou aangevul deur die klavierdosent Bernarda Vorster. Twee pianiste wat nou aan die musiekskool van die Universiteit van Kaapstad verbonde is – Albie van Schalkwyk en Francois du Toit – is voormalige lede van die trio toe hulle in Potch klas gegee het.

Die konsert, wat om 19:30 begin, sluit in trio's van twee Tsjeggiese komponiste – Antonín Dvořák en Josef Suk – en ook die *Sonata a tre* van die Italiaanse komponis Alfredo Casella.

Kaartjies vir die konsert kos R50 en R30 (vir studente en seniors) by die konsertvertoorn: ☎ 018 299 1692. – **Thys Odendaal**



Die Potch-trio is die violis Piet Koornhof (agter), die tjellis Human Coetzee en die pianis Bernarda Vorster. Hulle speel môreand in die Rektorskonsert. Foto: JACO VAN DER MERWE